**2. Naaste liefde in die praktyk: ń gesprek oor boeliery**

Die inleiding oor boeliery en die definisie is saamgevat in Deel 1. Die negatiewe nagevolge daarvan op jong kinders se lewens asook ons Goddelike plig as Christene met betrekking tot naasteliefde en omgee.

Deel 2 handel oor:

**Die slagoffer:**

Dit is die persoon wat:
- nie goed met ander oor die weg kom nie en minder gewild is;
- min of geen vriende het nie;
- afwyk van geslagsnorme;
- fisies of etnies anders is;
- ’n lae selfbeeld het; en
- depressief of angstig is.

Emosionele en Gedragstekens om te let op:
- Bang om skool toe te gaan of ander aktiwiteite te doen
- Lyk angstig of vreesagtig
- Lae selfbeeld en maak negatiewe opmerkings
- Kla oor ongesteldheid (hoofpyn en maagpyn oa)
- Laer belangstelling in aktiwiteite en laer prestasie op skool
- Verloor besittings, benodig geld, rapporteer dat hy honger is na skool
- Beserings, kneusplekke, beskadigde klere of artikels
- Lyk ongelukkig, prikkelbaar
- Probleme met slaap, nagmerries
- Dreigemente om hulself of ander seer te maak
- Mag geïsoleerd van die portuurgroep voorkom.

Hierdie gedragsverandering moet nooit ligtelik opgeneem of geignoreer word nie. Dit is dan dalk net wanneer die slagoffer self besluite maak wat lewenslange skade veroorsaak. In 2 Timoteus 1:7 kry ons die fondasie van sterk staan: "God het ons immers nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar 'n gees van krag en liefde en selfbeheersing". Ons nooi u weereens uit om te praat, te luister en te help ten einde hierdie monster hok te slaan. Kom lees saam in Deel 3: Die toeskouers.